Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 146] PRETORIA, 19 AUGUSTUS 19 AUGUST 1977 [No. 5719

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 180, 1977

INSTELLING VAN AMP VAN ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

Kragtens artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968)—

(1) stel ek 'n amp van Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika in;

(2) verklaar ek dat genoemde amp beklee word deur iemand wat deur my daarin aangestel word en wel op die voorwaardes waarop daar ooreengekom word;

(3) bepaal ek dat die Administrateur-generaal die werksaamhede verrig wat by wet aan hom opgedra word; en

(4) bepaal ek dat in 'n wet wat in die gebied Suidwes-Afrika van krag is, "Administrateur-generaal" die bekleder van die amp bedoel in paragraaf (1) beteken.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. J. VORSTER.

No. 181, 1977

VERLENING VAN WETGEWENDE BEVOEGDHEID AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

Kragtens artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), verleen ek hierby aan die Administrateur-generaal die bevoegdheid, behoudens die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel 38—

(1) om by proklamasie in die *Offisiële Koerant* van die gebied Suidwes-Afrika wette vir dié gebied te maak; en

(2) om in so 'n wet enige regsreël, met inbegrip van enige Wet van die Parlement vir sover dit op dié gebied betrekking het of daarin geld of met die administrasie

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 180, 1977

ESTABLISHMENT OF OFFICE OF ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH-WEST AFRICA

Under section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968)—

(1) I establish an office of Administrator-General for the territory of South-West Africa;

(2) I declare that the said office shall be occupied by a person appointed thereto by me on such conditions as may be agreed upon;

(3) I determine that the Administrator-General shall perform such functions as may be assigned to him by law; and

(4) I determine that in any law applying in the territory of South-West Africa, "Administrator-General" means the occupier of the office referred to in paragraph (1).

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Eighteenth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. J. VORSTER.

No. 181, 1977

EMPOWERING OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH-WEST AFRICA TO MAKE LAWS

Under section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby empower the Administrator-General, subject to the provisions of subsection (2) of the said section 38—

(1) to make laws, by proclamation in the *Official Gazette* of the Territory of South-West Africa, for that territory; and

(2) in any such law to repeal or amend any legal provision, including any Act of Parliament in so far as it relates to or applies in that territory or is connected

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

daarvan of die administrasie van 'n aangeleentheid deur 'n gesag daarin in verband staan, uitgesonderd genoemde artikel 38, te herroep of te wysig.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. J. VORSTER.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1666 19 Augustus 1977

AANSTELLING VAN ADMINISTRATEUR-GENERAAL.—SUIDWES-AFRIKA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens Proklamasie 180 van 19 Augustus 1977, Sy Edele Regter Marthinus Theunis Steyn met ingang van 1 September 1977 in die amp van Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika aan te stel.

Dit het die Staatspresident ook behaag om goed te keur dat die Administrateur-generaal gedurende sy ampstermyn die titel Eksellensie voer.

with the administration thereof or the administration of any matter by any authority therein, save the said section 38.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Eighteenth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. J. VORSTER.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1666 19 August 1977

APPOINTMENT OF ADMINISTRATOR-GENERAL.—SOUTH-WEST AFRICA

The State President has been pleased to appoint, in terms of Proclamation 180 of 19 August 1977, the Honourable Mr Justice Marthinus Theunis Steyn to the office of Administrator-General for the Territory of South-West Africa with effect from 1 September 1977.

The State President has also been pleased to approve the according of the title of Excellency to the Administrator-General during his term of office.

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
	PROKLAMASIES		
180.	Instelling van amp van Administrateur-generaal: Suidwes-Afrika	1	5719
181.	Verlenging van Wetgewende bevoegdheid aan die Administrateur-generaal: Suidwes-Afrika	1	5719
	Eerste Minister, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
1666.	Aanstelling van Administrateur-generaal: Suidwes-Afrika	2	5719

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	PROCLAMATIONS		
180.	Establishment of office of Administrator-General: South-West Africa	1	5719
181.	Empowering of the Administrator-General: South-West Africa	1	5719
	Prime Minister, Department of the		
	Government Notice		
1666.	Appointment of Administrator-General: South-West Africa	2	5719

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

5719—1